Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 48: *Shoftim* (שפטים) Regters; *Judges*

Jy moet regters en amptenare aanstel in al jou dorpe wat יהוה *jou God, jou gee volgens jou stamme en hulle moet die volk oordeel volgens 'n regverdige oordeel.* Deut. 16:18 – PWL[1]

Torah : **Deut. 16:18 tot 21:9.**

Haftorah: Jes. 51:12 tot 52:12.

Nuwe Verbond: Matt. 18:15 tot 20; Joh. 8:17; Hand. 14:23; 1 Kor. 5:9 tot 13; 1 Kor. 6:1 tot 8; 2 Kor. 13:1; Titus 1:5; Ef. 2:22; 4:11; Heb. 10:28 tot 31.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 48 wat afgelaai kan word by: Parashah48Notas.14 of by Parashah48Notas15.

I have more respect for the devil than for some preachers I have met, because the devil believes the Bible is the Word of God! – Billy Sunday.

What amazes me, even more than the corruption of our so-called leading members of society, is the absolute ignorance of the common man. The average adult is like the turkey that was invited to the Thanksgiving feast not realizing he was the main attraction. The turkey brings a fork and a bottle of wine, unaware of the guy with the axe and a chopping block out back. God is slow to anger, but in my opinion He has just about reached His boiling point. Judgment on this world is way overdue, and it is coming from a righteous God who will pour

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch, maar is ook in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

out His wrath with vengeance. It is called the Tribulation. Some like to call it "Daniel's 70th week", and some like to call it the "time of Jacob's trouble." It is commonly known as the seven years of Tribulation, and it is coming toward us like a runaway locomotive. When will it get here? That's God's business, but it is coming – Grant Phillips.

Midrash (Torah Bespreking)

Ons Het Tot Hier Gekom!

Soos Israel van ouds is ons ook op 'n wildernistog in hierdie wêreld. Telkens as die wolkkolom en vuurkolom gelig het, moes Israel trek tot daar waar die wolk weer stop. Elke kampeerterrein is 'n sinnebeeld van 'n openbaring ('n geestelike waarheid) van YHVH. Net so moet ons nie stop by een openbaring (geestelike waarheid) en weier om verdere te trek nie, maar aanbeweeg na die volgende openbaring en geestelike waarheid soos die Gees ons lei. Dit word geestelike groei genoem!

Maar soos Israel van ouds moet ons ook nie vergeet tot waar ons reeds gekom het nie. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs stel dit vir ons baie duidelik in Heb. 12:22 tot 29:

22 Julle het egter gekom by die berg Tziyon en die stad van die lewende God, die hemelse Yerushalayim en vergadering van tien duisende engele,
23 by die gemeente van eersgeborenes wat in die hemel opgeskrywe is en by God, die Regter van almal en by die geeste van die onskuldiges wat volmaak gemaak is
24 en by Yeshua, die Tussenganger van die nuwe verbond en die sprinkeling van bloed wat duideliker praat as dié van Hevel.
25 Pas op, daarom, dat julle Hom wat met julle praat, nie verwerp nie, want as húlle wat Hom verwerp, nie ontvlug het toe Hy op aarde met hulle gepraat het nie, hoeveel te meer óns wat Hom verwerp, nou dat Hy vanuit die hemel praat;
26 Wie se stem die aarde geskud het, maar nou het Hy belowe en gesê: "Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde skud nie, maar ook die hemel."
27 Hierdie woord: 'nog een maal,' wys duidelik op die verandering van die dinge wat geskud word sodat die wat nie geskud kan word nie, kan oorbly.
28 Omdat ons daarom die Koninkryk ontvang het wat onskudbaar is, sal ons onverdiende guns ontvang, waardeur ons God sal dien en tevrede stel in respekvolle vrees en in aanbidding,
29 want ons God is 'n verterende vuur.

Soos Israel van ouds by die Jordaan, staan ons ook op die vooraand van baie veranderinge. Wêreldgebeure op die gebied van die politiek, die ekonomie, sosiale waardes, godsdiens en tekens in die hemel en op aarde is bevestiging van die verandering van die dinge wat geskud gaan word totdat die wat nie geskud kan word al is wat sal oorbly!

Maar ons het gekom by die berg Tziyon (Sion) en die stad van die lewende God, die hemelse Yerushalayim (Jerusalem). Daarom moet ons geestesoë nie op die fisiese Israel, fisiese Jerusalem met die beplande derde tempel gevestig wees nie, maar op die geestelike, naamlik op die Berg Sion en die hemelse Jerusalem.

Die berg Sion is ook bekend as die berg Hermon en as die berg van Verheerliking waar Moses en Elia saam met Yeshua verskyn het.

Ná ses dae het Yeshua vir Kefa, Ya'akov en Yoganan, sy broer, teen 'n hoë berg opgevat in afsondering en Yeshua het voor hulle van voorkoms verander en Sy gesig het geskyn soos die son, maar Sy klere het stralend wit geword en Moshe en Eliyahu het aan hulle verskyn, in gesprek met Hom. Matt. 17:1 tot 3.

Hierdie is 'n sinnebeeld van die herstelde Koninkryk van YHVH. Moses verteenwoordig die Torah van Moses (die boek van die wet) wat as tugmeester gedien het tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24 en 25). Terwyl Elia verteenwoordig die profete wat geprofeteer het van Yeshua se koms as die Messias. Yeshua is die manifistasie van YHVH se liefde en onverdiende guns. Hierdie drie saam herinner ons aan die woorde van Yeshua toe Hy gesê het:

Yeshua antwoord hom: "Jy moet יהוה*, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. Dit is die eerste en grootste opdrag en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete."* Matt. 22:37 tot 40.

Daarom moet ons altyd onthou dat ons gekom het op die plek waar die Torah van Moses volbring is en plek gemaak het vir die Torah van Messias. Ons het ook gekom op die plek waar die profesië van Yeshua se eerste koms volbring is en waar ons 'n verwagting en verlange het vir Sy tweede koms, want ons wil oor die "Jordaan" na die Beloofde Land gaan!

Yeshua is die Woord wat vlees geword het en daarom moet ons Hom wat met ons praat, nie verwerp nie, want as diegene wat Hom verwerp het nie ontvlug het toe Hy op aarde met hulle gepraat het nie, soveel te meer sal die wat Hom nou verwerp terwyl Hy uit die hemel praat, nie ontvlug van YHVH se oordeel nie, want YHVH is 'n verterende vuur (Heb. 12:25 en 29)!

Omdat ons die Koninkryk ontvang het wat onskudbaar is, en omdat ons onverdiende guns ontvang het, moet ons YHVH-God dien en tevrede stel in respekvolle vrees en in aanbidding.

Ons het ook gekom op die plek waar ons 'n altaar het waar die Levitiese priesterorde nie diens mag verrig nie, maar slegs die priester volgens die orde van Melgisédek met Yeshua as Ewige Hoofpriester. Hierdie altaar is nie in die tabernakel of die tempel nie, maar buitekant die kamp (stad) waar Yeshua deur sy eie bloed elkeen wat in Hom vertrou as die Messias afgesonder (geheilig) het.

10 Ons het 'n altaar, waarvan dié wat die Tabernakel bedien, geen outoriteit het om van te eet nie.
11 Die diere, waarvan die bloed ter wille van die sonde, deur die hoofpriester in die afgesonderde plek ingedra word, se liggame word buitekant die kamp verbrand;
12 daarom het Yeshua ook, om die mense deur Sy eie bloed af te sonder, buitekant die stad gely;
13 daarom moet ons ook uitgaan na Hom toe, buitekant die kamp, terwyl ons Sy skande dra,
14 want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons kyk uit vir die één wat kom.
15 Laat ons, deur Hom, altyd aan God 'n lofoffer bring, wat die vrug van die lippe is wat dank bring aan Sy Karakter en Outoriteit (Naam).
16 Vergeet ook nie liefdadigheid en om te deel met die armes nie, want met sulke offers stel 'n mens God tevrede.
Heb. 13:10 tot 16.

Ons het hier geen blywende stad nie, maar sien met verlange uit na die nuwe Jerusalem wat uit die hemel sal neerdaal (Open. 21:10)! Ons is deel van die ware Israel, naamlik elkeen (Jood en nie-Jood) wat bely dat Yeshua die Messias is tot versoening met YHVH. Ons is

medeburgers van die ware Israel, en nie van die een wat deur mense geskep is nie, en ons is huisgenote van God (Efes. 2:19). Aan ons is die outoriteit gegee om as ‘n koninkryk van priesters (1 Pet. 2:9; Open. 1:6) YHVH se koninkryk hier op aarde te vestig

Daarom moet ons voortdurend aan YHVH ons God en Vader ’n lofoffer bring, wat die vrug van die lippe is wat dank bring aan Sy Karakter en Outoriteit (Naam). En dan, aller belangrik: Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het ‘n welbehae aan sulke offers.

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die betekenis van Yeshua se woorde en van wat daar plaasgevind, toe Hy aan Sy studentevolgelinge gesê het?

   “Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle. Gaan daarvolgens, maak studentevolgelinge van al die nasies, doop hulle in die Outoriteit en Karakter van die Vader en die Seun en die Gees van Afsondering en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het[1] *en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar.”* (Matt. 28:18 tot 20).

   Hiermee het Yeshua die gesag van die Skrifgeleerdes en die Fariseërs, sowel as dié van die Sanhedrin (Joodse Raad) en van die Levitiese priesterorde weggevat en dit aan Sy studentevolgelinge gegee. Die studentevolgeling onder die Koningskap van Yeshua en as ewige Hoofpriester moet YHVH se gesagstruktuur van die nuwe verbond implementeer.

YHVH se Regeringstruktuur

Vir 40 jaar het Israel as ‘n eenheid saam geleef, maar in die land Kanaän sou hulle as stamme elkeen op sy eie grondgebeid gaan woon. Daarom was dit noodsaaklik dat YHVH nou ‘n regeringstruktuur in plek moet stel sodat daar oor elke stam en idividu afsonderlik volgens Torah-beginsels regverdig geregeer kon word. Deur YHVH se regeringstruktuur sou Israel steeds as eenheid volgens die Torah van Moses (boek van die wet) funksioneer. Die tabernakel, en uiteindelik die tempel, sou steeds die middelpunt van Israel – YHVH se gemeente – se geloofslewe, sowel as hul gemeenskapslewe wees.

Dit is YHVH se wil dat Sy volk ‘n regeringstruktuur in plek moet hê wat volgens Torah sal verseker dat alles welvoeglik en ordelik in die gemeente (samelewing) sal geskied. Met so ‘n regeringstruktuur in plek, en een wat effektief funksioneer, sou Israel ook oor ander volke kon regeer! Dit is ook YHVH se wil vir Sy volk in die eindtye.

Die heerskappye en die grootheid van die koninkryk onder die ganse hemel sal gegee word aan die afgesonderde volk van die Allerhoogste, wie se Koninkryk ’n ewige koninkryk is en al die heerskappye sal Hom dien en gehoorsaam. Dan. 7:27.

In hierdie parashah, *Shoftim,* verduidelik Moses die breë beginsels van die oppergesag (die gesagstruktuur; regeringstruktuur) wat Israel moet regeer. Hierdie gesagstruktuur moet uit regters (*shoftim*) en opsigters (amptenare; *shotrim*) in die poorte (stede) van elke stam bestaan. Die regters is diegene wat Torah moet ken om dit korrek te kan interpreteer (verklaar; “reg sny” – 2 Tim. 2:15) en om onpartydige uitspraak te kan lewer, terwyl die

opsigters (amptenare) moet toesien dat die beslissings (uitsprake) van die regters uitgevoer word.

Regters en opsigters moet jy vir jou aanstel in al jou poorte wat YHVH jou God jou sal gee volgens jou stamme; en hulle moet die volk oordeel volgens 'n regverdige regspraak Deut. 16:18

Wanneer Israel die Beloofde Land in besit neem, sal 'n koning, wat deur YHVH aangestel word, oor hulle heers.

Wanneer jy in die land, wat יהוה, jou God, jou gee, kom, dit besit, daarin woon en dan sê: 'Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is,' dan moet jy 'n koning wat יהוה, jou God, sal kies, oor jou aanstel; een vanuit jou broers moet jy as koning oor jou aanstel; jy mag geen buitelander, wat nie jou broer is, oor jou aanstel nie. Deut. 17:14 en 15.

YHVH se regeringstruktuur is dus 'n koning wat regeer by wyse van regters en opsigters wat die uitvoerende gesag van die koning is.

Die geheelprentjie van die gesag- en regringstruktuur van Israel, volgens ons Torahstudie tot op hede, bestaan dus uit die volgende: 'n Koning, regters, opsigters, 'n priesterdom en profete. Hierdie is YHVH se bloudruk van wat was en van wat sal wees. Die vraag is dus hoe hierdie strukture onder die nuwe verbond funksioneer?

Eerstens moet ons verstaan dat Yeshua is ons Koning (Matt. 2:2 en 6; Miga 5:1), asook Ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek (Heb. 7:11 tot 17).

Tweedens moet ons verstaan dat die Levitiese priesterorde deur die priesterorde van Melgisédek vervang is. Wanneer die apostel Petrus ons herinner dat ons 'n gekose nasie is wat as priesters in die Koninkryk dien (1 Pet. 2:9) dan is dit met verwysing na die Koninkryk van Yeshua en die Melgisédek priesterorde.

Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymekaargemaak en bevry, om die lofprysinge van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgegee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet 2:9 en 10.

Die Levitiese priesterorde het hulself 'gediskwalifiseer' toe hulle Yeshua as Messias verwerp het. Op die wyse is die profesie in Ps. 118:22 en 23 vervul soos Yeshua dit ook bevestig het:

Yeshua sê vir hulle: "Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: 'Die Steen wat die bouers verwerp het, dit het die Hoof Hoeksteen geword. Hy het van die Teenwoordigheid van יהוה gekom en is wonderbaar in ons oë?' Deur dit sê Ek vir julle: 'Die Koninkryk van God sal van julle weggevat word en aan 'n volk gegee word wat vrugte sal dra en wie ook al op hierdie Steen val, sal stukkend breek en elkeen op wie Hy val, dié sal tot poeier gemaal word'. Matt. 21:42 tot 44.

As gevolg hiervan het Rabbynse Judaïsme vandag geen tempel nie, want Yeshua Messias het die Hoeksteen geword van 'n lewende geestelike tempel!

Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God. Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde

tempel in eenheid met יהוה terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Ef. 2:19 tot 22.

Ons is die priesters volgens die orde van Melgisédek wat in hierdie lewende geestelik tempel dien onder die Karakter en Outoriteit van Yeshua as ons Ewige Hoëpriester.

Yeshua is die lewende steen wat deur die mense (Rabbynse Judaïsme) wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is (1 Pet. 2:4). Daarom laat ons ons ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n afgesonderde priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Yeshua Die Gesalfde Een (1 Pet. 2:5).

Aangesien daar altyd 'n priesterorde diens moet doen in YHVH se Koninkryk, en omrede die Melgisedek orde nie 'n fisiese tempel het nie, en ook nie die offers van die ou verbond bring nie, was dit noodsaaklik dat daar 'n verandering in die wet moes kom (Heb. 7:12).

Hierdie verandering in Torah is nie 'n probleem nie, want hierdie Melgisedek priesterorde is deel van YHVH se Torah. Daarom is die Torah in wese nie verander nie! Daar is steeds 'n priesterdom en geen jota of titeltjie van die wet (Torah van YHVH) het verby gegaan nie (Matt. 5:18), hoewel ons ook moet onthou dat daar slegs een Wetgewer is (Jak. 4:12) wat Torah wel mag verander en dit is YHVH – die gewer van Torah!

Aangesien die onderrig en instruksies vir die priesterorde van Melgisedek verskil van die van die Levitiese orde, moet ons vra: Wat is die onderrig en instruksies (Torah) vir die Melgisedekorde?

Eerstens het ons in Efes. 2:20 gelees dat YHVH se Koninkryk van die nuwe verbond gebou word op die fondasie van die afgevaardigdes (apostels) en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou (Koninkryk).

Tweedens moet ons verstaan dat die dissipels (die studentevolgelinge) van Yeshua 'n verenigde priesterorde moet vorm om die geestelike Koninkryk van YHVH te vestig.

Met bogenoemde in gedagte gee Efes. 4:11 tot 16 vir ons insae in die Torah vir die priesters (dissipels) van die Melgisedekorde.

11 en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee,
12 om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een
13 totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een.
14 Ons sal ook nie meer kinders wees wat geskud word en gepla word deur elke wind van lering nie; deur die bedrog van mense, wat deur slinksheid beplan om te mislei nie,
15 maar ons is standvastig in liefde sodat alles waarmee ons besig is, mag vermeerder in Die Gesalfde Een, wat die Hoof is
16 en vanuit Hom is die hele liggaam inmekaargepas en een gemaak by elke ligament, volgens die gawe wat elke ledemaat na mate ontvang het, vir die groei van Sy liggaam sodat Sy gebou in liefde voltooi kan word.

Volgens vers 11 is dit duidelik dat YHVH self hierdie verandering aan Torah ingestel het, naamlik die vyf bedieninge *om die afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeidheid van Die Gesalfde Een.*

Die Vyfvoud Bediening (Efes. 4:11 tot 14) is YHVH se regeringstruktuur van die nuwe verbond en die Gawes van die Afgesonderde Gees is die wyse wat die dissipels (priesters) bemagtig word (1 Kor. 1:7 tot 10).

Die priesters (dissipels) van die Melgisedekorde het dus verskillende bedieninge. Daar is apostels, profete, herders, evangeliste en leraars. Die een was egter nie belangriker as die ander nie en hulle het mekaar voorgegaan in eer betoon. Maar daar was wel ‘n apostel wat die leier was soos ons sien in Hand. 15:1 tot 22, veral verse 13 en 22; asook Hand. 21:8 waar ons sien dat Jakobus erken was as die leier. Onthou: Volgens Torah is ‘n leier iemand wat ander dien, want Yeshua het gekom om te dien en nie gedien te word nie (Matt. 20:28).

Kortliks is die taakomskrywing van die vyfvoud bediening soos volg:

- Apostels is die leiers en hulle taak is om te organiseer en te koördineer, asook om uitspraak te lewer (beslissing te maak) aangaande Torah. Hulle moet deeglik in Torah onderrig wees en die stem van YHVH duidelik kan hoor! Apostels kan vergelyk word met die regters soos YHVH Moses beveel het om aan te stel (Deut. 16:18). Die apostels moet onderling aan mekaar onderdanig wees. Die opsigters volgens Deut. 16:18 kan ook vergelyk word met die ouderlinge.

- Profete gee ondersteuning aan die apostels, maar waarsku, tugtig en bemoedig ook. Hulle moet die stem van YHVH duidelik kan ‘hoor’ en ook die stem van YHVH wees. Profete kan beskou word as die ‘kwaliteitskontrole’ bediening wat alles volgens YHVH se skietlood meet. Daarom is Profete en Apostels dikwels nie baie gewild nie, want deel van hulle taak is om te waarsku en te tugtig en om orde en dissipline te handhaaf.

- Evangeliste “werf” nuwe volgelinge. Hulle is die ‘mondstuk’ of sendelinge van die gemeente wat die goeie nuus van die evangelie verkondig. Hulle is die ‘mediese korps’ in die oorlogsone. Evangeliste kan ook as die ‘bemarkers’ (‘bemarkingsafdeling’) beskou word.

- Herders (Pastore) is verantwoordelik vir die versorging van die gemeente (Grieks: *ekklesia*; Aramees: *adat*; Hebreeus: *kahal / kehillat*), naamlik van die wat uitgeroep en afgesonder is deur YHVH en op gereelde basis bymekaar kom en saam as eenheid funksioneer. Hulle ontvang die nuwelinge wat deur die evangeliste na die gemeente gebring word. Herders, met hulle eggenote, is die geestelike ouers van die gemeente wat elkeen ‘opvoed’ tot geestelike volwassenheid.

- Leraars is verantwoordelik om nuwelinge, asook die gemeente te leer. Hy is die herder se hulp om die gemeente in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en die regte lewenswyse te kweek sodat elkeen volkome toegerus kan wees vir elke goeie daad in die diens van YHVH kan staan (2 Tim. 3:16 en 17).

Opgesom:

Bediening	Taak
Apostel	Leierskap; Rigting; Orde, Dissipline
Profeet	Ondersteunend, waarsku; tugtig.
Evangelis	‘Werf’ nuwe volgelinge; sendeling
Herder	Geestelike ouers; versorging
Leraar	Dra kennis oor

Die Skrifte van die nuwe verbond, veral Handelinge, is die bewys dat die apostels as eenheid (eendragtig) in die evangeliebediening van Yeshua gefunksioneer het. Die wyse wat hulle georganiseer was en gefunksioneer het, was die mees effektiewe wyse om Yeshua se opdrag in Matt. 28:19 en 20 suksesvol uit te voer, naamlik om dissipels van alle nasies te maak en om te leer om alles te onderhou wat Yeshua hulle beveel het.

Ouderlinge en Diakens

Gedurende die eerste eeu was die hoof van ‘n sinagoge meestal ‘n Rabbi. So het dit dan gebeur dat so ‘n hoof van ‘n sinagoge saam met die gemeente tot geloof in Yeshua Messias gekom het.

En Crispus, die hoof van die sinagoge (bymekaarkomplek), het met sy hele huisgesin in ons Meester geglo; en ook baie van die Korinthiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop. Hand. 18:8.

In dorpe waar dit nie gebeur het nie, het die apostels dan ‘n gemeente gestig (‘geplant’) onder die beheer en toesig van ‘n raad van ouderlinge. Die Hebreeus vir ouderling is *zakan* en die letterlike betekenis van die woord is: *bebaarde man*. ‘n *Zakan* se funksie was veelvoudig, maar sy fokus was om die gemeente na die beste van sy vermoë geestelik en fisies te versorg en om toe te sien dat die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees ordelik sal funksioneer (1 Kor. 14:40). Vir die doel is hy bygestaan deur diakens. Ouderlinge het dus ook die rol vervul van regters (*shoftim*) en diakens ook die rol van opsigters (*shotrim*).

Die Torahregering en wyse van funksionering van die priesterorde van Melgisedek en van die gemeentes van die nuwe verbond kan skematies soos volg verduidelik word.



***Ouderlinge en diakens moet gesien word as die leiers en organiseerders, maar funksioneer ook as deel van die vyfvoud bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees. Dit is nie ‘n geval van die gemeente wat aan die ouderlinge en diakens moet verantwoord nie. Die

gemeente (liggaam) bestaan uit baie lede en almal moet in eenheid saam funksioneer. Nie een is belangriker as die ander nie en almal moet mekaar voorgaan in eer betoning (Rom. 12:10).

Bepeins of Bespreek

1. Deur vertroue in Yeshua as die Messias is ons die nageslag van Abraham en deel van die ware Israel. As Israel (verenig; eensgesind) kan ons net een koning en een hoofpriester met net een priesterdom wees! Maar Rabbynse Judaïsme erken nie Yeshua as Koning en Hoëpriester nie! Dit beteken dat indien die derde tempel gebou word gaan daar twee hoëpriesters en twee priesterdomme wees! aan watter hoëpriester gaan jy onderdanig wees?

2. Rabbynse Judaïsme verklaar profesie slegs volgens die inhoud van die Skrifte van die ou verbond. Daarom sal daar wesenlike verskille wees tussen gelowiges van die nuwe verbond en Rabbynse Judaïsme ten opsigte van die verklaring van profesie. Ons moet die gevaar hiervan ook besef, want dit kan aanleiding gee dat ons vir die waarheid verblind word.

3. Is groepies wat Torahstudie doen (Messiaanse huisgemeentes) die uitvoering van die groot opdrag in Matt. 28:19 en 20? Is sulke byeenkomste om volgens YHVH se Torahregering te funksioneer?

Ware profete

Wanneer 'n profeet in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה *praat en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dít die woord wat* יהוה *nie gesê het nie; deur voorbarigheid het die profeet dit gesê; jy moenie vir hom bang wees nie.* Deut. 18:22.

'n Profeet is iemand wat die woorde van YHVH spreek. 'n Ware profeet spreek dus namens YHVH en soos die Afgesonderde Gees hom lei! Daarom is elkeen wat die woorde van YHVH soos dit in die Skrifte opgeteken is spreek, inderwaarheid 'n profeet! Indien hy dinge kwytraak wat nie ooreenstem met die wil, en dus met die Karakter en Outoriteit van YHVH nie, is hy 'n vals profeet wat mense mislei. Daarom moet ons versigtig wees om met ons woorde die indruk te skep dat dit YHVH se wil is indien dit nie Skriftuurlik gefundeer is nie.

Gedurende Augustus (2016) het ek 'n epos ontvang wat aan sowat 'n duisend plus gelowiges wat deel is van die Messiaanse Beweging gestuur is en waar die sender met hierdie woorde begin: *Daar is goeie redes waarom die Vader wil hê dat ons aan die voete van 'n Rabbi moet sit en Torah leer.....*! My onmiddelike reaksie was: *Regtig??!! Wil YHVH-God hê dat ons aan die voete van 'n Rabbi moet sit wat Yeshua as gekruisigde en opgestane Messias verwerp*?

Daar was 'n tyd toe ek nie so op hierdie stelling sou reageer nie, maar intussen het my oë oop gegaan vir die groot gevaar wat Rabbynse Judaïsme inhou. Maar talle, soos die sender van hierdie e-pos, besef dit egter nie.

Daar is geen Skriftuurlike gronde vir dié stelling dat daar goeie redes is waarom die Vader wil hê dat ons aan die voete van 'n Rabbi moet sit en Torah leer.....! Inteendeel, hierdie is strydig met die waarskuwing wat Yeshua gerig het ten opsigte van die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme van vandag) se leerstellings:

Daarop sê Yeshua vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs. Matt. 16:6.

Hoe is dit dat julle nie begryp dat Ek nie in verband met brood vir julle gesê het om op te pas vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs nie? Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, ***maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs***. Matt. 16:11 en 12.

Yeshua het ook na die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme van vandag) verwys as ‘n addergeslag (Matt. 3:7) en as geveinsdes wat net die buitekant van die beker en die skottel skoonmaak, terwyl die binnekant vol roof en onmatigheid is, asook dat hulle wit gepleisterde grafte is, die binnekant waarvan vol doodsbene en onreinheid is (Matt. 23:25 en 27). En meer nog: Yeshua het gesê dat hulle vader die teëstander (Satan) is:

Yeshua sê vir hulle: “As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af uitgegaan, want Ek het ook nie uit My eie plesier gekom nie, maar Hy het My gestuur. Waarom verstaan julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle nie My boodskap kan hoor nie. Julle is van julle vader, die teëstander, en julle begeer om julle vader se wil te doen. Hy is ’n moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy lieg, praat hy uit wat syne is, want hy is vanuit valsheid en die vader daarvan, maar julle vertrou nie in My nie, Ek, wat die waarheid praat. Wie van julle kan My oortuig van sonde? As Ek die waarheid praat, waarom vertrou julle My nie? Wie ook al van God is, luister na die woorde van God; daarom luister julle nie omdat julle nie van God is nie.” Joh. 8:42 tot 47.

Rabbynse Judaïsme sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense en baie min gelowiges in die Messiaanse Beweging verstaan of glo dit!!

Maar wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle ‘n swaarder oordeel ontvang. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom ‘n kind van die hel, twee maal erger as julle self. Matt. 23:13 tot 15.

Yeshua het ook gewaarsku:

want Ek sê vir julle dat, as julle onpartydige opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, julle sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel sal ingaan nie! Matt. 5:20.

Wat sal Yeshua vandag van Rabbynse Judaïsme sê? Wat het verander sedert die dae van die Fariseërs? Sal Yeshua met die siening saamstem dat dit die wil van die Vader is dat ons aan die voete van ‘n Rabbi moet sit en Torah leer? Het jy jouself al hierdie vraag gevra? Wie is jou Rabbi? Hierdie vraag word bespreek in ‘n artikel wat afgelaai kan word by: Okt15Leermeester

Die Gevare

Een van die grootste gevare vir wedergebore gelowiges om by Rabynse Judaïsme Torah te leer, is dat die leerder meestal die Skrifte van die nuwe verbond begin verwaarloos! Ja, selfs tot die mate dat dele daarvan bevraagteken en selfs verwerp word!

Maar veel erger is die feit dat daar diegene is wat se siening van Yeshua en Sy rol nou meer ooreenstem met die van Rabynse Judaïsme as wat die Skrifte van die Nuwe Verbond ons leer! In die verband is dit nodig om herinner te word aan Paulus se woorde:

*Ek wens julle wil my net 'n kort rukkie verdra terwyl ek in dwaasheid praat! Verdra my tog maar, want ek is jaloers oor julle met God se jaloesie, want ek het julle afgegee om te trou met Een Man; om julle as 'n rein maagd aan Die Gesalfde Een voor te stel, maar ek is bang dat, net soos die slang vir Havah deur sy listigheid mislei het, julle denke net so korrup gemaak is, weg van die eenvoudigheid wat by Die Gesalfde Een is**, want as iemand kom en 'n ander Yeshua verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander goeie boodskap as wat julle ontvang het, kan julle maklik oortuig word.*** 2 Kor. 11:1 tot 4.

Talle gelowiges word so bekoor deur Rabbynse Judaïsme en al hul tradisies dat hulle uiteindelik verblind word vir die waarheid van die Skrifte van die nuwe verbond en doof word vir die woorde van Yeshua.

Maar kom ons herinner onsself aan die woorde van Moses in Deut. 18:18 en 19:

'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis.

'n Profeet soos Moses wat uit Israel verwek sal word, verwys na Yeshua die Messias. Soos Israel die onderrig en instruksies van YHVH deur Moses moes hoor (*sh'ma*), bewaar (*sh'mar*) en dit doen (*asah*), so sal elke mens moet luister en doen volgens die woorde wat Yeshua in die Naam van YHVH sal spreek. Die man wat nie luister na YHVH se woorde wat Yeshua in die Naam van YHVH spreek nie, van hom sal YHVH self rekenskap afeis.

Daarom is my vraag: Hoekom luister die meeste in die Messiaanse Beweging nie na die waarskuwing van Yeshua nie, naamlik dat Rabbynse Judaïsme se leerstellings suurdeeg is? Om Paulus se woorde te herhaal: *Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie* (1 Kor. 5:6)? En dan ook: Die suurdeeg van Rabbynse Judaïsme maak hulle opgeblase (hoogmoedig), want hulle verhef hulself bokant die gesag van YHVH-God. Hulle luister nie na die woorde van Moses soos opgeteken in Deut. 18:18 en 19 nie! Hulle het hulle eie geregtigheid opgerig en ken nie die geregtigheid van God nie (Rom. 10:1 tot 3).

Verskeie bedieninge in die Messiaanse Beweging is so besig om hulle volgelinge (lesers) van die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid aan die Torah van Moses te vertel dat hulle opgehou het om die noodsaaklikheid van Yeshua Messias in elkeen se lewe te verkondig! Op dié wyse word die belangrikste opdrag van Yeshua aan Sy volgelinge geminag, naamlik om die Evangelie van redding aan die ganse wêreld (en dit sluit Rabbynse Judaïsme in) te verkondig en hulle alles te leer wat Yeshua en die Skrifte van die nuwe verbond leer (Matt. 28:19 en Mark. 16:15).

Hierdie misleiding van Rabbynse Judaïsme – noem dit eerder breinspoeling – het tot gevolg dat talle uiteindelik Yeshua verloën en Judaïseer. 'n Artikel wat waarsku teen dit wat in die Messiaanse Beweging plaasvind kan by die volgende skakel afgelaai word: GB1.16Die VoetsporeGemeenteHandelinge**.**

Mag ons die woorde van die Apostel Johannes soos dit opgeteken is in 2 Joh. 1:9 hoor en glo!

Elkeen wat 'n oortreder is en nie aanhou in die leer van Die Gesalfde Een nie; God is nie in hom nie. Hy wat aanhou in Sy leer, hy het die Vader sowel as die Seun.

Bepeins of Bespreek

1. Wanneer daar gesê word dat die huis van Efraim by die voete van 'n Rabbi moet sit om te leer, dan is die onmiddelike vraag by die voete van watter Rabbi en van watter groepering van Rabbynse (Ortodokse) Judaïsme. Min besef van die groot aantal groeperings binne Judaïsme. Meer inligting hieroor is beskikbaar op die webblad van Prof. Eli Segal se "Varieties of Orthodox Judaism" . Min van diegene wat deur Rabbynse Judaïsme bekoor word, is byvoorbeeld bewus van die feit dat sekere groepe soos die *Neturi Karta* (http://www.nkusa.org/AboutUs/) totaal gekant is teen die Sioniste staat van Israel wat in 1948 tot stand gekom het op grond van hulle oortuiging dat dit nie die werk van YHVH is nie. Die volgende skakels verskaf ook meer inligting in die verband: True Torah Jews en Jews United Against Zionism. Die volgende inligting is komend van die webblad van True Torah Jews:

   The relatively new concept of Zionism began only about one hundred years ago and since that time Torah-true Jewry has steadfastly opposed the Zionist ideology. This struggle is rooted in two convictions:

   - *Zionism, by advocating a political and military end to the Jewish exile, denies the very essence of our Diaspora existence. We are in exile by Divine Decree and may emerge from exile solely via Divine Redemption. All human efforts to alter a metaphysical reality are doomed to end in failure and bloodshed. History has clearly borne out this teaching.*

   - *Zionism has not only denied our fundamental belief in Heavenly Redemption it has also created a pseudo-Judaism which views the essence of our identity to be a secular nationalism. Accordingly, Zionism and the Israeli state have consistently endeavored, via persuasion and coercion, to replace a Divine and Torah-centered understanding of our peoplehood with an armed materialism.*

   - *We are concerned that the widespread misconception that all Jews support the Zionist state and its actions endangers Jews worldwide.*

   Op grond van bogenoemde, en vele ander inligting wat vrylik beskikbaar is, is my vraag: Het jy al moeite gedoen om jouself op hoogte te bring van die werklike geskiedenis wat gelei het tot die vorming van die staat Israel in 1948? Die algemene siening is dat dit die vervulling van Bybelprofesie is! Maar klaarblyklik nie volgens sommige ortodokse Torah-gehoorsame Rabbies nie! En let daarop dat hierdie het niks met anti-semietisme te doen nie!

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.